Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Diensvoordele

Verwysing: 20200203-3957
Lêerno.: 3/3/2/4/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0040/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van opvoedkundige inrigtings

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief se doel is om alle personeel oor die beleid en prosedures wat betref siekteverlof, ongeskiktheidsverlof en aftrede weens siekte in te lig.*

**Onderwerp: Gewone siekteverlof, ongeskiktheidsverlof en aftrede weens siekte**

1. Hierdie omsendbrief verduidelik die beleid en prosedures wat betref siekteverlof, ongeskiktheidsverlof en aftrede weens siekte sodat werknemers, prinsipale en toesighouers/lynbestuurders siekteverlof doeltreffend en effektief kan bestuur.

2. Siekteverlof word in die volgende kategorieë verdeel:
   a) Gewone siekteverlof (36 dae)
   b) Tydelike ongeskiktheidsverlof (kort periode: 29 werksdae of minder)
   c) Tydelike ongeskiktheidsverlof (lang periode: 30 werksdae of meer)
   d) Permanente ongeskiktheidsverlof (aftrede weens siekte)

3. **Gewone siekteverlof**

3.1 Werknemers is geregtig op 36 werksdae siekteverlof met volle salaris oor 'n driejaarsiklus (die huidige siklus is vanaf 01 Januarie 2019 tot 31 Desember 2021). Ongebruikte siekteverlofkrediete sal aan die einde van die driejaarsiklus verval. Die onus rus op die werknemer om sy/haar gewone siekteverlof op 'n eerlike wyse te gebruik en hanteer.

3.2 Indien 'n werknemer weens skielike siekte nie in staat is om vir diens aan te meld nie, moet hy/sy sy/haar prinsipaal of onmiddellike toesighouer/lynbestuurder van sy/haar onvermoë om vir diens aan te meld, in kennis stel. Dit is van uiterste belang dat die werknemer die prinsipaal of toesighouer/lynbestuurder teen 07:30 in kennis stel sodat die nodige reëlings getref kan word om te verseker dat daar 'n opvoeder in elke klas

is *(prinsipale en toesighouers/lynbestuurders word aangemoedig om vereistes in hierdie verband in oorlegpleging met hulle personeel aan die begin van elke akademiese jaar deur 'n formele personeelvergadering te stel).*

3.3 'n Werknemer moet sy/haar **Z1(a) verlofvorm (Bylae A)** by sy/haar prinsipaal of toesighouer/lynbestuurder indien binne twee dae nadat sy/haar teruggekeer het werk toe.

3.4 'n Werknemer moet sy/haar aansoek om siekteverlof vir kliniese prosedures vooraf indien, tensy die mediese praktisyn wat die behandeling toepas, sodanige prosedure as 'n noodgeval aangee.

3.5 In gevalle waar die Wes-Kaap Onderwysdepartement aansoeke om siekteverlof vir periodes van drie dae of langer sonder 'n mediese sertifikaat ontvang, sal **twee dae** as siekteverlof met volle salarisbetaling toegestaan word en die oorblywende periode as **onbetaalde verlof**.

3.6 In gevalle waar die siekteverlofperiode waarvoor aansoek gedoen word die aanbevole periode van 'n mediese praktisyn oorskry, moet nog 'n mediese sertifikaat verkry word om die verlengde siekteverlofperiode te dek, anders sal die verlengde periode as onbetaalde verlof toegeken word.

3.7 Vir elke 15 opeenvolgende dae onbetaalde verlof wat geneem word, word 'n werknemer se reg op siekteverlof verminder, in die geval van opvoeders met 1/36$^{ste}$ (een dag) van die verlofsiklus, en in die geval van staatsamptenare met 1/72$^{ste}$ ('n halfdag).

3.8 Indien 'n werknemer (staatsamptenare en kantoorgebaseerde opvoeders) op jaarlikse verlof is en siek raak, mag hy/sy aansoek doen om daardie periode in siekteverlof te verander. In sodanige gevalle moet 'n mediese sertifikaat van 'n geregistreerde mediese praktisyn binne drie dae na hervatting van pligte ingedien word.

3.9 Terugwerkende mediese sertifikate sal nie toegelaat word nie.

4. **Die 8-weke-reël**

4.1 'n Werknemer wat op meer as twee geleenthede gedurende 'n agt-weke-periode van sy/haar gewone siekteverlofsiklus van die werk afwesig was, moet, ongeag die duur van die siekte of besering, 'n mediese sertifikaat vir die derde afwesigheidsperiode indien.

4.2 Indien 'n werknemer in gebreke bly om die vereiste mediese sertifikaat in te dien, moet die Hoof van die Departement die werknemer in kennis stel dat die mediese sertifikaat

binne vyf werksdae ontvang moet word, andersins sal die siekteverlofperiode deur jaarlikse verlof, opgehoopte verlof (met die toestemming van die werknemer) of onbetaalde verlof gedek word.

4.3 Herhaalde oortreding van die 8-weke-reël sal op progressiewe dissiplinêre stappe uitloop, en uiteindelik op 'n aanklag van wangedrag.

5. **Psigososiale siektes (stres, depressie, angsaanvalle, ens.)**

Alle aansoeke om verlof tot afwesigheid as gevolg van geestes- en gedragsversteurings moet met 'n mediese sertifikaat wat deur 'n algemene praktisyn tot vir drie dae uitgereik is, gepaardgaan. Die algemene praktisyn mag dan die werknemer na 'n psigiater/sielkundige vir verdere behandeling verwys. 'n Mediese sertifikaat van 'n algemene praktisyn word nie vir geestes- en gedragsversteurings vir 'n periode wat drie dae oorskry, aanvaar nie.

6. **Tendensies/patrone**

6.1 In gevalle waar die prinsipaal of toesighouer/lynbestuurder 'n patroon of 'n tendensie wat dui op die misbruik van siekteverlof geïdentifiseer het (byvoorbeeld afwesigheid op werksdae wat aan naweke en openbare vakansiedae grens, betaaldae of spesifieke dae in die week), sal daar van die werknemer verlang word om **'n mediese sertifikaat** in te dien vir siekteverlofperiodes wat korter as drie dae is indien sodanige herhaalde afwesigheid van die werksplek **meer as drie keer** plaasgevind het.

6.2 Siekteverlof mag ook toegestaan word vir periodes waar 'n werknemer onder kwarantyn geplaas of geïsoleer moet word vir ten minste 10 opeenvolgende dae.

7. **Tydelike ongeskiktheidsverlof**

Verwys asseblief na Omsendbrief 0045/2006 van 01 September 2006 (aangeheg vir maklike verwysing).

8. **Permanente ongeskiktheidsverlof (aftrede weens siekte)**

Verwys asseblief na Omsendbrief 0004/2009 van 17 Desember 2008 (aangeheg vir maklike verwysing).

9. Prinsipale en toesighouers/lynbestuuurders moet aan die voorskrifte wat as Bylae B aangeheg is, voldoen.

10. Werknemers kan gerus wees dat die werkgewer, ooreenkomstig die grondwetlike regte op privaatheid en die *Gedragskode vir die Staatsdiens*, gepubliseer as Hoofstuk 2 in die *Staatsdiensregulasies, 2001*, ten alle tye enige inligting oor die mediese siekte van 'n werknemer met die nodige respek en vertroulikheid sal behandel. Sodanige

inligting sal derhalwe nie openbaar gemaak word aan enige persoon(-one) wat nie gemagtig is om dit te ontvang nie. Indien 'n werknemer enige vertroulike inligting oor 'n ander werknemer aan enige ander ongemagtigde persoon openbaar maak, sal dit in 'n ernstige lig beskou word en dissiplinêre stappe sal teen die oortredende werknemer gedoen word.

11. **Hierdie omsendbrief is in die besonder op gewone siekteverlof, ongeskiktheidsverlof en aftrede weens siekte gemik, en is nie op COVID-19-verwante verlof van toepassing nie.**

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2020-11-10